

Sondag, 21 Februarie 2021
(Eerste Sondag in Lydenstyd)
Fokusteks: Genesis 9:8-17

Op een van die monumente in Dachau, waar duisende Jode in 'n konsentrasiekamp gesterf het gedurende die Tweede Wêreldoorlog, staan daar in vyf tale geskryf: "Nooit weer nie." Die verskrikking van die chaos wat deur Hitler en sy soldate veroorsaak is, sal nie herhaal word nie.

En tog gebeur dit steeds elke dag. Mense vernietig mekaar. Dis die verhaal van die mensdom na die sondeval. God het alles goed gemaak. Ons het alles sleg gemaak. Broer het teen broer gedraai (Kain & Abel - Gen.4). Die hele aarde, die hele skepping is vervloek as gevolg van ons sonde (Gen.3:15-17). Geen wonder dat die Here berou gehad het dat Hy ons gemaak het nie. Miskien het God ook gevoel: nooit weer nie! Hy het besluit om alles te vernietig, want Hy was jammer dat Hy dit gemaak het (Gen.6:5-7).

Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot is, en dat alles wat hy in sy hart bedink, altyd net sleg is, ⁶was die Here jammer dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom tot in sy hart gegrief. ⁷Toe sê die Here: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aardbodem af uitwis – mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel, want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het." - Die Bybel 2020-vertaling

Vanuit 'n Bybelse perspektief is een ding seker: die gebrokenheid van hierdie wêreld staan op die rekening van die mens... Van die eerste skeppingsomblik af het die mens sy eie koers gekies. Van die begin af lees ons die verhale van vervreemding tussen God en mens. Wat God in die vooruitsig vir die skepping gehad het, naamlik dat die aarde deur sy Beeld en goedheid gevul sal word, het net die teenoorgestelde reaksie gehad. Die aarde is gevul met hartseer en pyn weens óns geweld en óns ongehoorsaamheid. Hierdie vervreemding raak alle vlakke van ons samelewing. Daar is vervreemding tussen man en vrou, ouer en kind, mens en skepping, mens en mens – God se goeie skepping het misluk. God se verwagting dat alles goed sou bly en dat die wêreld gevul sou word met sy heerlijkheid, met mense wat sy beeld die wêreld indra, het in 'n doodloopstraat beland. Al wat ons sien, is dat die wêreld vol geweld is – geweld teen mekaar, teen die skepping en teen onself. Dis die verhaal van die mens.

Dit is die soort gevoelens van hartseer en pyn wat God in hierdie gedeelte ervaar. 'n Bekommerde en seergemaakte Ouer, wat sien hoe sy kinders Hom verwerp. Die hoë ideale wat God oor sy skepping gehad het, is verpletter. Die skepping en die mens wou nie wees soos wat God dit bedoel het nie. 'n Skepping wat geweier het om God se skepping te wees.

Wat doen ons sonde aan die hart van God? Steur God Hom ooit aan ons ongehoorsaamheid? O ja, sonde raak God se hart. Om die waarheid te sê, dit breek sy hart! Dit bring Hom in stryd met Homself. Hy het sy skepping lief en sy skepping moet sy heerlijkheid vertoon. Maar wat staan Hom te doen as sy skepping nie aan sy doel beantwoord nie? Mens kan nie help om die volgende kontrasterende uitsprake van die Here met mekaar te vergelyk nie - In Genesis 1:31 lees ons dat God gekyk het na alles wat Hy gemaak het, en gesien het dat dit *baie goed* was. Maar nou, na die sonde wat hand oor hand toegeneem het sê God: *Ek gaan weggee* (Gen.6:7); *Ek gaan verdelg* (Gen.6:13). Kan God sy skepping dan vernietig - dit waarvoor Hy so lief was?

Die verhaal gaan nie rêrig oor Noag en die ark nie, of hoe al die diere daarin kon gaan nie; dit is nie die soort vrae wat die verteller probeer beantwoord nie. Dit gaan veel eerder oor God wat as't ware in 'n krisis gedompel word. Wat gaan Hy nou doen? Kan God dalk van plan verander? Ja, God kan sy plan verander. Hy kan weggooi wat Hy gemaak het, en Hy kan red wat Hy veroordeel het. Dis net God wat dit kan doen.

Wat binne-in God aan die gebeur is, is dat sy oordeel teen sy liefde te staan kom. En dit veroorsaak konflik in sy gemoed. Soos ouers wie se kind hulle verwerp het. Wat moet ons nou met ons kind doen?

God besluit om 'n verandering in die skepping te bring. Hy gaan hierdie hele sondige mensdom uitwis! Hy sal 'n nuwe skepping maak. En die een wat die belofte van die nuwe skepping in hom dra is Noag. Noag is God se manier om êrens aan sy skepping vas te hou. In Gen.6:8 lees ons dat Noag “deur God begenadig is.” Dit is God se manier om aan 'n nuwe moontlikheid te dink. 'n Alternatief vir die uitwissing van die totale skepping. Iewers wil God nog vashou aan sy eerste liefde. En Noag is die teken van 'n God wat juis dit doen. Deur Noag gaan God 'n verandering maak; Hy gaan 'n nuwe skepping voortbring.

Hier sien ons God se hart vir sy skepping. 'n Hart van genade. Dit beteken nie dat die Here die sonde probeer ignoreer nie. Nee, alles en almal het omgekóm in die vloed, behalwe dié wat op die skip was. Die Here is egter getrou aan sy skepping. Hy is bereid om nuut te maak en nuut te begin. Hy is 'n God van genade, en ons sien dit veral in die verbond wat Hy met Noag sluit. Let op: dit is 'n verbond wat van God self kom. Met ander woorde, die inisiatief kom van God, nie van Noag nie. Ons lees ook nie dat die Here enigiets van Noag verwag of vra nie - dit beklemtoon die feit dat genade nie iets is wat jy kan verdien nie. God se liefde rus nie op ons gehoorsaamheid nie, maar op die genade van God. Verder sluit die verbond met Noag meer in as net hulle familie. Dit sluit ook in - “al die lewende wesens op die aarde” (Gen.9:16). Die ganse skepping leef dus onder die genade van God.

Die vloed het gekóm en alles en almal, behalwe dié in die ark, vernietig. En na die vloed hou God nabetrugting. Hy evalueer sy plan wat Hy uitgevoer het. Wat het daarna gebeur? Het daar toe wel enige verandering gekóm? Was al die water genoeg om die sonde van die wêreld af te was? Nee, niks het verander nie. Soos wat 'n mens verder die Bybel lees ontdek jy dat die mens maar net so sondaig is as voor die sondvloed. In Gen.8:21 erken die Here dit teenoor Homself: *Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge...* Die geskiedenis van God se volk dwarsdeur die Ou Testament bevestig dit. Keer op keer stel die kinders van die Here Hom teleur deur hul voortdurende ongehoorsaamheid aan sy wil. Ja, dit lyk asof die vloed niks aan die mens of die skepping verander het nie. Ons het maar dieselfde gebly.

Maar dit het wel iets aan God verander! So lees ons in Gen.8:21-22:

“Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.

Saam met hierdie wonderlike belofte gee die Here ook 'n teken - dié van die reënboog (Gen.9:12,13). Maar gaan lees mooi wat daar in 9:14-16 staan.

“Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle, sal Ek dink aan my verbond met julle en al die wilde diere volgens hulle soorte. Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die aarde”

Hierdie teken word nie vir die mens gegee nie, maar vir God self! Dit is 'n herinneringsteken dat daar 'n einde aan sy woede gekóm het. Die reënboog is daar om vir God te laat onthou wat Hy belowe het! Al vergeet ons daarvan, al sien ons dit nie, God sal sien, en God sal onthou! Geen waters kan God breinspoel om Hom van sy skepping te laat vergeet nie. Geen siektes, pandemies, geweld en dood kan die band tussen God en sy skepping afsny nie. As God Hom tot jou verbind het, kan niks en niemand jou van Hom wegruk nie - nie eers die satan nie.

God se genade word bevestig deur 'n ander teken wat die Here aan ons kom gee het. Jesus Christus, die volmaakte “teken” uit die hemel. So lees ons in Lukas 2:10-12

*Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus, die Here! **En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.**"*

God belowe nie net nie. Omdat ons so gou van sy liefde vergeet, gee Hy 'n teken van sy onverdiende, onbeperkte liefde. Dis die teken uit die hemel – Jesus Christus. Hy is die "reënboog" van God! Wanneer die Vader sy Seun sien aan die kruis, dan sien Hy nie net nie, maar hoor ook die woorde - *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie* (Luk.23:34). God se straf het wel plaasgevind, maar dit het op sy Seun afgekom, sodat ons die woede van God gespaar is.

Wat maak ons met hierdie genade van God? Hoe reageer ons daarop? Ons is immers die kerk van Christus en ons is mense wat van 'n geestelike dood na die lewe oorgebring is. Ons behoort dus ook 'n teken te wees van God se goeie nuus, veral in 'n brose en stukkende wêreld waar daar nie veel goeie nuus is nie. Ons moet die boodskap uitdra dat God in alle omstandighede, hoe moeilik dit ook al mag wees, getrou sy liefde aan ons sal wys. Hierdie lewe met sy gebrokenheid is ook nie die enigste nie. Saam moet ons mekaar help om te sien wat die skrywer van Openbaring in sy geestesoog gesien het - 'n nuwe hemel en nuwe aarde, waar daar geen trane, pyn, smart en dood meer sal wees nie. Dié dag, wanneer Jesus weer sal kom en alles en almal bevry sal wees van aardse gebrokenheid. Dan sal ons saam met mekaar in vreugde sê: *Nooit weer nie!*

Seën

Staan in verwondering oor wie God is.
 Staan in afwagting oor wat God gaan doen.
 Wandel hoopvol, want God is aan die werk.
 Die genade van ons Here, Jesus Christus,
 die liefde van God ons Vader
 en die gemeenskap met die Heilige Gees is by julle.